# „DIE KLEUR-KRISIS EN DIE WESTE".[1]

Wie vandag onbevange en met 'n opregte begeerte na die volle waarheid oor die sogenaamde „kleurvraagstuk" in Suid-Afrika wil skryf, moet voorwaard bid dat hom die deel van Esegiël te beurt mag val: „Jou voorhoof maak ek hard soos 'n diamant, harder as 'n rots . . . .". As die ondersoeker se gevolgtrekkinge enigsins afwyk van die tradisionele opvattinge van sy besondere kultuurgroep, wag hom die agterdog van sy eie mense, wat so maklik uitdrukking vind in 'n magdom gevoelsbelaaide skeldbenaminge: kafferboetie, negrofilis, liberalis, selfs ook kommunis. Andersyds moet hy bereid wees om te sien dat dieselfde beskouings uit verband en skaamteloos misbruik word deur andersdenkendes vir allerlei eie gewin. Wie eenmaal hierdie etikette aangeheg is, staan by ons volk origens ook in onguns.

Dat die kleurvraagstuk, dit wil sê die verhouding tussen die blanke en die nie-blanke inwoners van Suid-Afrika en veral die behandeling van die gekleurdes deur die blankes, vandag uiters aktueel is, hoef geen betoog nie. Dit is **die** brandende vraagstuk van Suid-Afrika, van suidelike Afrika, ja, van Afrika self; dit geld die Verenigde State van Amerika, Suid-Amerika en die Ooste. Selfs hoor 'n mens opslae daarvan uit Engeland en die Europese vasteland vir sover hierdie gemeenskappe te doen het met die nalatenskap van nie-blanke troepe en hulle omgang met die inheemse blanke vrouebevolkking.

Dit is begryplik dat die aankondiging van dr. Ben Marais se boek groot belangstelling gaande sou maak in hierdie tyd waar alles wat oor die kleurvraagstuk geskryf word amper so vinnig verslind word as die moord- en doodslag-literatuur. Dr. Marais kondig sy boek aan as „'n Studie i.s. kleur en kleurverhoudings in die Amerikas". Die beskrywing is misleidend. Die Amerikaanse kleurverhoudings mag as die sentrale tema bedoel wees, die grootste deel van die inhoud beslaan en die aanleiding vir die skrywe van die boek gewees het, maar dit is m.i. nie die belangrikste deel nie, in elk geval nie die deel wat aan die boek in Suid-Afrika sy besondere leserskring besorg en die gemoedere gaande gemaak het nie. Die aktualiteit van die boek lê eerder in die eerste twee en die laaste drie hoofstukke.

Hoofstukke 1 en 2 handel oor „Die kleurfaktor in menslike verhoudings" en „Moord op die Mites"—die „mites" van bloed, ras, rasse-

1) Dr. Ben J. Marais: **Die Kleur-krisis en die Weste ('n studie i.s. kleur en kleurverhoudings in die Amerikas).** Goeie Hoopuitgewers (Edms.) Bpk., Johannesburg, 1952. 328 bll. Prys 18/-.

vermenging en rassemeerderwaardigheid. Hoofstukke 9, 10 en 11 het tot inhoud „Rasse-apartheid in die Skrif en die Geskiedenis van die Christelike Kerk", „So dink bekende kerkleiers van die wêreld (oor rassesegregasie)" en „Slotopmerking en 44 Stellings".

In die orige hoofstukke (3—8) het die skrywer 'n massa gegewens verstrek oor toestande in Noord- en Suid-Amerika. Vir enige belangstellende in ons eie vraagstukke is dit 'n lesenswaardige oorsig, veral wat betref (a) die menings- en houdingsverandering in die V.S.A., (b) die pogings tot en die resultaat van segregasie en (c) die integrasiebeleid en sy gevolge in die Suid-Amerikaanse State.

Van die begin van die koloniale tydperk af toe die Europese volke in aanraking begin kom het met die groot nie-blanke volke (veral van Afrika, Australië en Amerika) het ons prakties sowel as teoreties 'n interessante wisseling van standpunte beleef: van die kuriositeitsbeskouing tot dié van slawerny; van die volkekundige opvatting van „wilde barbare" en die spekulasie oor die menswees en sielsbesit van die primitiewes tot die Rousseause edele natuurkind en die negrofilisme en rassefilantropie; van H. S. Chamberlain en de Gobineau se leer van die meerderwaardigheid van die nordiese ras tot die huidige verwerping van die rasse-idee en kwalitatiewe rasseverskille as sodanig.

Dit is veral die gedagtewysiging ten opsigte van die rasseleer wat deur die skrywer behandel word in sy hoofstuk oor „Moord op die Mites". Of liewer, daarin bespreek hy veral die huidige, oorwegend Amerikaanse wetenskaplike standpunt hieroor. Hy erken „dat daar ander gangbare beskouings in kleiner wetenskaplike kringe in Europa en elders is", maar weens die „baie klein rol daarvan in die vorming van die huidige wêreldmening" (bl. 16). bepaal hy hom tot die „wetenskaplike gety wat vandag in die Amerikas alles voor hom meevoer" (bl. 16). Dit is ongelukkig 'n gevaarlike standpunt om in die wetenskap te kies bloot op grond van die getalle-oorwig en nie uit hoofde van die suiwer kwalitatiewe waarde nie. Hierdie beskouings gee dr. Marais in 'n baie groot mate onpersoonlik weer op enkele samestemmende uitsprake of voorbehoude na. 'n Strenger kritiese behandeling hiervan sou miskien sommige van die misvattinge oor sy persoonlike beskouings afgeweer het. Feit is dat die Raskunde in 'n baie groot mate nog maar altyd spekulatief was; dat die **rasbegrip** min of meer vaag en onomlynd was. Dit is terrein wat nog selde streng prinsipieel benader is en wat trouens altyd met groot versigtigheid betree moet word. Daar is bepaald waarheidsmomente aanwesig in die opvattinge van die huidige Amerikaanse (en ander) rassekundiges: dat veel (hulle beweer **alles**) van die kwalitatiewe

rasseverskille op spekulasie en wensdenkery berus; dat daar nie noodwendig 'n verband tussen kultuurprestasie en ras bestaan nie; dat rassevermenging nie per se uit die bose is nie, veral aangesien daar in der waarheid min werklike rassesuiwerheid sou bestaan, ens. ens. Maar daarteenoor dien waarskuwend opgemerk te word dat selfs die huidige „stygende wetenskaplike gety" 'n reaksie-produk is. Engelse, Nederlandse en Amerikaanse skrywers—insluitende wetenskaplikes—dra veelal die stempel van emosionele reaksie teen die politieke konsekwensies van Rosenberg en andere se oordrewe eensydige beklemtoning en staatkundige toepassing van die rasseleer. Die laaste woord is op hierdie terrein, sowel wat betref die biologiese as die geestesverskille, as daar is, nog nie gespreek nie.

Die ander kontensieuse hoofstuk is dié oor „Rasse-apartheid in die Skrif en die Geskiedenis van die Christelike Kerk". As nie-teoloog ag ek my nie bevoeg om my te waag aan 'n uitspraak oor dr. Marais se eksegetiese en kerkhistoriese uiteensetting nie. Alleen wil ek maar die aandag daarop vestig dat dr. Marais die apartheidsvraagstuk in die algemeen, dus ook ten opsigte van Suid-Afrika, slegs bespreek met betrekking tot kerklike apartheid. Segregasie op die ander lewensterreine laat hy daar. Sy onomwonde konklusie is: (a) „Van skeiding tussen gelowiges op grond van ras of kleur is daar geen sprake nie" (bl. 285); (b) „die rassekerk of kleurkerk is 'n nuwe agtiende eeuse verskynsel in die christelike wêreld" (bl. 287); (c) „enige beleid van opsetlike rasseskeiding binne die Christelike Kerk staan, wat die Skrif betref, m.i. baie wankel . . . . Ek self is nog soos altyd van oortuiging dat ons alleen om gewigtige, praktiese redes so iets mag doen" (bl. 291 e.v.).

Hiermee dink ek kom dr. Marais, sonder om noodwendig verkeerd te wees, lynreg in stryd met die gangbare opvattings onder die meeste Afrikaanssprekendes. Dit is nie die eerste keer dat die bewerings gemaak word nie, maar dit is die eerste keer dat 'n hoogaangeskrewe lid van 'n Afrikaanse Kerk en 'n gesiene lid van die Afrikaanse gemeenskap dit sê. En juis daarin lê die aantrekkingskrag van die boek vir vriend en vyand: die wat die standpunt onderskryf (en hulle verkeer hoofsaaklik in Engelse, liberalistiese kraal en in één partyverband), en diegene wat nie net daarvan verskil nie maar wat daarteen in opstand kom (en hulle is hoofsaaklik uit dr. Marais se kultuurgemeenskap en kerklike verband!).

Dr. Marais se aangevogte gevolgtrekkinge kan tot die volgende gereduseer word:

(a) dat in die lig van die huidige wetenskaplike gegewens en opvattinge die gedagte aan 'n inherente biologiese en geestelike meerderwaardigheid van die een ras (die blanke) teenoor 'n ander (die nieblanke) verwerp moet word en dat daarmee in 'n groot mate die hele rassebegrip en rasse-onderskeidings vervaag;

(d) dat die Skrif geen gronde bied vir 'n beleid van **gedwonge** apartheid op grond van rasse-onderskeid nie;

(c) dat rasse-apartheid in Suid-Afrika in die kerk en samelewing wenslik en noodsaaklik is maar in die lig van (b) op ander as skriftuurlike gronde geregverdig moet en kan word. Wat die gronde is, sê dr. Marais nie.

Alles in ag genome het dr. Marais dus nie die tradisioneel-Afrikaanse beskouing oor die kleurvraagstuk versaak nie. Maar hy het die gronde daarvoor aan sowel die gangbare rasseleer as aan die Christelike prinsipes getoets en tot die slotsom geraak dat ons huidige basis aan die wankel is, dat vir ons opvatting 'n ander grondslag en regverdiging gevind sal moet word: nóg die wetenskap nog die Skrif kan as getuie vir ons saak ingeroep word.

Dat hierdie konklusies van dr. Marais die gramskap van vele gewek het en deur ander vir politieke gewin uitgebuit word, kan lig begryp word in die algemene situasie waar 'n histories geworde toestand eerder emosioneel-persoonlik benader en geregverdig probeer word en rasionele kritiek as bedreiging en gevaar beskou word. En juis dit moet m.i. aangeteken word as die grootste verdienste van hierdie boek, naamlik dat dit 'n uitdaging bevat aan die blanke in Suid-Afrika om vir homself suiwere rekenskap te gee van bestaande toestande en van sy eie gesindheid, dat dit elkeen prikkel tot eerlike benadering hoe moeilik dit ook mag wees, want ons houding, soos enige sielkundige en sosiologiese houding, is emosioneel eerder as rasioneel, prakties en histories eerder as prinsipieel en sedelik gevormd.

Hierdie beskouings stel ons voor die dringende vraag of ons op hierdie terrein nie ook moet reformeer nie. Dit is immers onmoontlik om 'n beleid op drogredes te bou: soiets wek wantroue by ander en vrees by onsself. As na nuwe, indringende studie die Skrif nie ons grondslag kan wees nie, laat ons dit erken; as dit na deeglike toetsing blyk dat selfbehoud die basis van ons beleid is, laat ons dit ook erken. In elk geval moet dit ons dring tot naarstige ondersoek na die fondamente. By die

lees van dr. Marais se gevolgtrekkinge verrys 'n veelheid van vrae: is ons kleurbeleid bloot gerig op die behoud van ons blanke vel? Indien wel, is ons velkleur alleen al die moeite en opoffering werd? Of gaan dit om die handhawing en verbreiding van die besondere kultuurwaardes van die blanke se beskawing uit Christelike oorsprong? So ja, is voogdyskap en segregasie dan nie slegs 'n kwessie van metode en nie van doel nie? En lei dit nie tot die gedagte dat ons meer aandag moet gee aan die moontlikheid dat oor vier, vyf geslagte, wanneer 'n baie groot deel van die Bantoe's hopelik gekersten, opgevoed, beskaaf en ekonomies hoërstaande sal wees, ons agterkleinkinders ons sentiment dalk nie meer sal begryp nie en die noodsaaklikheid vir verdere strenge apartheid moontlik nie meer sal insien en as beleid sal wil toepas nie? Sal, namate ons en ons nakomelinge aan die gedagtes gewoon word, die vrees nie ook uit ons harte wegsypel nie? Sal, per slot van sake, in die komende stryd tussen geloof en ongeloof, die Gereformeerde, gelowige Bantoe en Kleurling nie nader aan my staan as die ongelowige mede-Afrikaner of Engelsman nie?

Die boek vermenigvuldig die vrae. Maar daarteenoor moet ek ook op leemtes en verskilpunte wys. Dr. Marais slaag nie daarin om aan die enge interpretasie van die bloedsbegrip deur die aangehaalde skrywers te ontkom nie. Ewe-eens kan ek nie sy opvatting onderskryf dat die blanke se opvatting van meerderwaardigheid teenoor die nie-blanke en die gevolglike kerklike apartheid (onder andere) die gevolg alleenlik van die Neger se jarelange slawestatus is nie. Dit is die resultaat van 'n reeks faktore waaronder eerstens die kultuur- en beskawingsverskille kom en daarby ook biologies-somatiese onderskeid, verskil in taal, lewenswyse, Godsdiens en selfs die historiese vyandskap in Suid-Afrika. Ongelukkig is ook die neiging om Christendom en demokrasie te veel te behandel as identiese begrippe.

Die vernaamste leemte in die boek—of moet ek sê die belangrikste faktor wat die leser aan die einde met 'n gevoel van onvergenoegdheid laat?—is blykbaar die feit dat juis die aktuele hoofstukke negatief is in die sin dat daarin die huidige prinsipiële gronde vir 'n apartheidsbeleid gekritiseer word sonder dat die skrywer aan die anderkant opbouwerk gedoen het. Dat hy dit nie gedoen het nie, kan hom moeilik ten kwade gedui word—dit sou ver buite die bestek van een boek en enkele jare se werk wees—hoewel 'n mens ten minste enkele meer positiewe riglyne kan verwag. Maar heropbou begin met afbreekwerk!

J. H. COETZEE.